40 MINUTE-BYBEL STUDIES

'n 6-WEKE, GEEN-TUISWERK BYBELSTUDIE

MEER AS EEN MILJOEN IN DIE REEKS VERKOOP

Hoe weet jy God is jou Vader?

# Hoe weet jy God is jou Vader?



Kay Arthur, David & BJ Lawson

PRECEPT SOUTH AFRICA

40 minute-BYBELSTUDIES

40minute-
BYBELSTUDIES

# Hoe weet jy God is jou Vader?

Kay Arthur, David & BJ Lawson

PRECEPT SOUTH AFRICA

This is a special Precept Edition
This work is a translation from the original 40 Minute Bible Study Series,
How Do You Know God's Your Father? by Kay Arthur and David & BJ Lawson

Copyright © 2001 by Precept Ministries International

Skrifaanhalings geneem uit die Bybel in Afrikaans 1933/1953 © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1933, 1953.

40-Minute Bybelstudie reeks
HOE WEET JY GOD IS JOU VADER?
deur Kay Arthur en David & BJ Lawson

Hierdie is 'n spesiale Precept-uitgawe.
Gepubliseer deur Precept South Africa
Ringwoodrylaan 187,
Pinelands, 7405, Suid-Afrika
Tel.: +27 (021) 531-1836
www.precept.org.za | support@precept.org.za

instagram.com/precept.sa/
facebook.com/precept.sa/

Met toestemming van WaterBrook & Multnomah
10807 New Allegiance Drive Suite 500
Colorado Springs, CO 80921

WaterBrook & Multnomah behou die reg om sy eie publikasies in hierdie streek te versprei en te verkoop.

ISBN 978-1-934884-47-8

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag gereproduseer of oorgedra word in enige vorm of op enige manier, elektronies of meganies, sonder die skriftelike verlof van die kopiereghouers nie. Dié beperking sluit in foto-afdrukke, opnames of enige ander stelsel van berging en opsporing van inligting.

Gedruk in Suid-Afrika
Bevan Print
Julie 2024

Precept™
SOUTH AFRICA

# HOE OM HIERDIE STUDIE TE GEBRUIK

Hierdie kleingroepstudie is vir mense wat belangstel om self meer te leer wat die Bybel oor verskeie onderwerpe sê, maar wie se tyd om te vergader beperk is. Dit is byvoorbeeld ideaal vir ’n middagetegroep by die werk, ’n vroegoggendmannegroep, ’n jongmoedergroep in ’n huis, ’n Sondagskoolklas of selfs vir huisgodsdiens. (Dit is ook ideaal vir kleingroepe wat gewoonlik meer vergadertyd het – soos aandgroepe of Saterdagoggendgroepe – en wat net ’n gedeelte van hul tyd saam aan werklike studie wil bestee, terwyl die orige tyd vir gebed, lofsang (“fellowship”) of ander aktiwiteite gehou word.)

Hierdie boek is so beplan dat al die groeplede elke les se studietake *tegelykertyd* kan voltooi. Die bespreking van jou insigte oor wat God omtrent die onderwerp sê, openbaar opwindende, treffende lewenswaarhede.

Alhoewel dit ’n groepstudie is, benodig jy ’n fasiliteerder om die studie te lei en die bespreking aan die gang te hou. (So ’n persoon se taak is *nie* dié van ’n lektor of onderwyser nie. As hierdie boek egter in ’n Sondagskoolklas of ’n soortgelyke omgewing gebruik word, mag die onderwyser vry voel om meer direk leiding te gee en ander insigte by te voeg bý dit wat in die les van elke week voorsien word.)

As *jy* jul groep se fasiliteerder is, kan die volgende nuttige wenke jou taak vergemaklik:

- Werk deur die les en merk die teks voordat jy die bespreking lei. Dit maak jou toenemend vertroud met die materiaal en stel jou in staat om die bespreking met groter gemak te lei. Dit sal jou help om die groep met groter gemak deur die instruksies vir die merk van woorde te lei as jy ’n spesifieke kleur kies vir elke simbool wat gemerk moet word.

- Begin by die begin van die teks en lees dit hardop voor in die volgorde van die les, insluitende die Insigraampies. Werk saam deur die les terwyl julle waarneem en bespreek wat julle daaruit leer. Terwyl jy die teksverse lees, moet die groep die woord wat hulle moet merk, hardop sê.

- Die besprekingsvrae is daar om jou te help om al die lesmateriaal te dek. Jy sal dikwels vind dat, sodra die klas tot die bespreking oorgaan, hulle self die vrae sal stel. Onthou, die vrae is daar om die groep deur die bespreking te lei, nie om die bespreking te belemmer nie.
- Dit is belangrik dat mense hul antwoorde en ontdekkings verwoord. Dit versterk grootliks hul persoonlike begrip van die weeklikse les. Maak seker dat elkeen volop geleenthede het om aan die besprekings deel te neem.
- Hou die besprekings aan die gang. Dit mag beteken dat meer tyd aan sommige dele van die studie bestee word as aan ander. As dit nodig is, mag jy gerus 'n les oor meer as een byeenkoms laat strek. Onthou egter om nie die pas té stadig maak nie. Dis baie beter om elkeen na meer te laat smag, as om mense te hê wat weens 'n afname in belangstelling uitsak.
- As die geldigheid of korrektheid van sekere antwoorde betwyfel word, kan jy op 'n sagte, dog vriendelike manier die groep daaraan herinner om op die waarheid van die Skrif te fokus. Jou doel is om te leer wat die Skrif sê en nie verwikkeld te raak in wat mense sê nie. Hou eenvoudig vas aan die Skrif en gee God die kans om te praat. Sý Woord ís die waarheid (Johannes 17:17)!

# HOE WEET JY GOD IS JOU VADER?

Gedurende Jesus se bediening het Hy na sommige godsdienstige leiers gedraai en gesê: "Julle het die duiwel as vader" (Johannes. 8:44). Watter belediging sou dit nie vir dié manne wees, wat geglo het dat God hul Vader was nie!

Hoe lyk 'n ware Christen? Het jy al ooit gewonder? En wat van jou? Is jy 'n Christen? Weet jy of jy hemel toe gaan? Kán 'n mens met sekerheid weet?

Ons het al dikwels mense bedien wat onseker is oor hulle verhouding met God. Dit is 'n ellendige manier van lewe — altyd hoopvol, maar nooit seker nie. Hulle beskik oor geen blydskap, vrede of vertroue nie — net angs.

Vir die volgende ses weke gaan ons 1 Johannes saam bestudeer en antwoorde op dié vrae soek. Soms sal die waarheid jou opgewonde maak en ander kere sal jy God prys omdat Hy Homself aan jou openbaar. Daar sal egter ook

tye wees dat die waarheid jou ongemaklik sal laat voel — baie ongemaklik. Die waarheid doen dit. Moet egter asseblief nie moed verloor nie; die waarheid sal ook vir jou vrymaak.

# WEEK EEN

Een van Jesus se dissipels, Johannes, het vyf van die boeke in die Bybel geskryf. Een hiervan, ’n brief bekend as 1 Johannes, is geskryf om ons vraag te beantwoord: “Hoe weet jy God is jou Vader?” Ons begin ons studie deur te let op die rede waarom Johannes die brief geskryf het.

## WAARNEMING

***Leier:*** *Lees 1 Johannes 1:1-4; 2:1-2, 26 en 5:13 hardop.*

- *Onderstreep die woorde* ***skrywe, skryf*** *en* ***geskrywe*** *met ’n gegolfde lyn soos dié:*

*Laat die groep die woorde wat hulle onderstreep, hardop sê. Op hierdie manier sal niemand die woorde oorslaan nie. Doen dit regdeur die studie.*

## BESPREKING

- Let op elke plek waar jy die woord *skryf* gemerk het. Waarom het Johannes, volgens hierdie verse, die brief geskryf? Watter redes gee hy daarvoor?

**1 JOHANNES 1:1-4**

1 Wat van die begin af
was, wat ons gehoor het,
wat ons met ons oë gesien
het, wat ons aanskou het
en ons hande getas het
aangaande die Woord van
die lewe—

2 en die lewe is
geopenbaar, en ons het
dit gesien, en ons getuig
en verkondig aan julle
die ewige lewe wat by
die Vader was en aan ons
geopenbaar is—

3 wat ons gesien en
gehoor het, verkondig ons
aan julle, sodat julle ook
gemeenskap met ons kan

hê; en ons gemeenskap is
met die Vader en met sy
Seun, Jesus Christus.

4 En ons skrywe hierdie
dinge aan julle, sodat julle
blydskap volkome kan wees.

## 1 JOHANNES 2:1-2

1 My kinders, ek skryf
hierdie dinge aan julle, dat
julle nie moet sondig nie;
en as iemand gesondig het,
ons het 'n Voorspraak by
die Vader, Jesus Christus,
die Regverdige.

2 En Hy is 'n
versoening vir ons sondes,
en nie alleen vir ons s'n nie,
maar ook vir dié van die
hele wêreld.

- Wat is die laaste rede wat hy in 1 Johannes 5:13 gee?

- Hoekom, dink jy, was dit belangrik vir sy lesers om te weet dat hulle die ewige lewe het?

- Wat sê 1 Johannes 5:13 vir jou omtrent die ewige lewe? So baie mense sê dat jy nie kan weet of jy hemel toe gaan voordat jy voor God staan en Hy die goed teenoor die kwaad opweeg nie. Is dit waar, volgens 1 Johannes 5:13?

**1 JOHANNES 2:26**

26 Dit het ek aan julle geskrywe met betrekking tot die wat julle mislei.

**1 JOHANNES 5:13**

13 Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God.

### 1 JOHANNES 1:1-3

1 Wat van die begin af
was, wat ons gehoor het,
wat ons met ons oë gesien
het, wat ons aanskou het
en ons hande getas het
aangaande die Woord van
die lewe—

2 en die lewe is
geopenbaar, en ons het
dit gesien, en ons getuig
en verkondig aan julle
die ewige lewe wat by
die Vader was en aan ons
geopenbaar is—

3 wat ons gesien en
gehoor het, verkondig ons
aan julle, sodat julle ook
gemeenskap met ons kan
hê; en ons gemeenskap is
met die Vader en met sy
Seun, Jesus Christus.

## WAARNEMING

***Leier:*** *Lees weer 1 Johannes 1:1-3. Laat die groep hierdie keer die volgende merk:*

- *elke verwysing na die* ***skrywer****, deur 'n raampie om* ***ons*** *te trek:*
- ***Woord van die Lewe*** *(wat na Jesus Christus verwys) en enige ander sinonieme met 'n kruis:*

## BESPREKING

- Wat leer jy omtrent Johannes deur *ons* te merk?
- Wat leer jy deur die verwysings na *Jesus Christus*, die Woord van die Lewe, te merk?
- Waarom dink jy vertel Johannes dit aan die ontvangers van hierdie brief? Wat sal hierdie kennis vir hulle doen? Beteken dit enigiets vir jou?

## WAARNEMING

***Leier:** Lees 1 Johannes 1:5-10. Laat die groep hardop sê en merk*

- *elke verwysing na **God** (asook **Hom**, **Hy** en **Sy**) met 'n driehoek, só:*
- *elke verwysing na **Jesus Christus** met 'n kruis:*

*Lees nou weer deur die teks en*

- *merk elke verwysing na **duisternis** en **lig** met 'n sirkel om albei woorde en dan 'n skuinsstreep deur duisternis, só:*
- *trek 'n groot* **S** *oor die woord **sonde**.*

*Lees nog 'n keer deur 1 Johannes 1:5-10. Laat die groep hierdie keer só merk:*

- *Elke **ons** met 'n raampie.*
- ***Gemeenskap**, só:*

### INSIG

Die Griekse woord vir *gemeenskap* is *koinonia*, wat beteken "om onderling mededeelsaam te wees."

### 1 JOHANNES 1:5-10

5 En dit is die
verkondiging wat ons van
Hom gehoor het en aan
julle verkondig: God is
lig, en geen duisternis is in
Hom nie.

6 As ons sê dat ons met
Hom gemeenskap het en in
die duisternis wandel, dan
lieg ons en doen nie die
waarheid nie.

7 Maar as ons in die lig
wandel soos Hy in die lig
is, dan het ons gemeenskap
met mekaar; en die bloed
van Jesus Christus, sy Seun,
reinig ons van alle sonde.

8 As ons sê dat ons geen
sonde het nie, mislei ons
onsself en die waarheid is
nie in ons nie.

9 As ons ons sondes
bely, Hy is getrou en
regverdig om ons die
sondes te vergewe en ons
van alle ongeregtigheid te
reinig.

10 As ons sê dat ons nie
gesondig het nie, dan maak
ons Hom tot 'n leuenaar en
is sy woord nie in ons nie.

## BESPREKING

- Wat het jy geleer deur *God* te merk?
- Wat het jy geleer deur *gemeenskap* te merk?
- Volgens vers 7, watter twee dinge is waar as ons in die lig wandel?
- As jy sondig, wat moet jy doen? (Kyk na die plekke waar jy *sonde* met 'n S gemerk het.)
- Wat gebeur as ek my sonde bely? Watter twee dinge doen God as ek my sonde bely?

## WAARNEMING

***Leier:*** *Lees hardop wat die insigraampie oor sonde sê.*

### INSIG

Daar is verskeie verse in die Bybel wat sonde vir ons beskryf.

Sonde is ...

- om God se wet te oortree.
- om te weier om in Jesus te glo.
- om te weet om goed te doen en dit dan nie te doen nie.
- wetteloosheid.
- om nie op grond van geloof op te tree nie.
- om jou eie pad te loop.
- om die doel te mis, om nie te voldoen aan God se vereistes nie.

## BESPREKING

- Ken jy iemand wat voorgee dat hy/sy 'n Christen is, maar uit gewoonte in duisternis wandel? Wat sê 1 Johannes 1:5-10 vir jou van so 'n persoon?

**MATTHÉÜS 5:14-16**

14 Julle is die lig van
die wêreld. ’n Stad wat
bo-op ’n berg lê, kan nie
weggesteek word nie;

15 en ’n mens steek ook
nie ’n lamp op en sit dit
onder die maatemmer nie,
maar op die staander, en
dit skyn vir almal wat in
die huis is.

16 Laat julle lig só skyn
voor die mense, dat hulle
julle goeie werke kan sien
en julle Vader wat in die
hemele is, verheerlik.

## WAARNEMING

God is lig en in Hom is daar geen duisternis nie. Hulle wat beweer dat God hul Vader is, moet in die lig wandel soos Hy in die lig is. Jesus verwys na die lig in sy preek wat ons as die Bergpredikasie ken. Ons het nie tyd om die hele preek te lees nie, maar ons gaan ’n klein gedeelte daarvan bestudeer om te sien wat ons oor lig kan leer.

***Leier:*** *Lees Matthéüs 5:14-16 hardop. Laat die groep die woorde wat hulle merk, saam hardop sê.*

- *Trek ’n sirkel om elke verwysing na* ***lig****, soos voorheen.*
- *Onderstreep* ***julle****.*

## BESPREKING

- Wat het jy geleer deur die woord *lig* te merk?
- As God my Vader is, wat sal aan Hom eer bewys?

- Hoe laat ons ons lig voor ander mense skyn?

- Hoe belangrik is ons leefstyl, in die lig van wat jy vandag geleer het?

- Vertoon of demonstreer ons leefstyl ’n verhouding, of die gebrek aan ’n verhouding, met God?

- Hoe is dit met jou gesteld?

## SAMEVATTING

Johannes was ’n ooggetuie van Jesus Christus se lewe, dood en opstanding. Hy was ’n dissipel, of leerling, van Jesus. Hy was selfs een van die uitgesoekte groep van twaalf, ’n apostel. Hy is deur Jésus afgevaardig om met sy volmag te preek en skryf. Ons bestudeer dus die woorde van ’n man wat Jesus intiem, persoonlik geken het. Hy het saam met Hom gestap, geëet en na Hom geluister terwyl Hy onderrig het. Wat Johannes geskryf het, is deur God geïnspireer en is in geheel foutloos. Daarom moet ons hoor en doen wat die Heilige Gees sê.

God is lig en in Hom is daar geen duisternis nie. Hulle wat sê dat hulle wie in Hom is, moet in die lig wandel. Die vraag is: Wandel jý in die lig? Om in die lig te wandel, is om so te lewe dat jy nooit nodig het om skaam te wees oor dit wat jy doen nie, ongeag wie jou sien. Laat jy jou lig so voor mense skyn dat hulle jou goeie werke kan sien en God verheerlik?

Deur hierdie brief wil die apostel Johannes hê dat ons moet weet of ons die ewige lewe het, of nie. Alles wat ons in hierdie brief bestudeer, wys na hierdie doel. Jy het nodig om te weet. Jy moet weet. Die ewigheid hang daarvan af. Het jy die ewige lewe? Wandel jy in die lig?

Volgende week gaan ons voort met ons studie van 1 Johannes. Ons gaan meer leer oor die karaktertrekke van ’n kind van God en dit vergelyk met dié van ’n kind van die duiwel.

# OMTRENT DIE SKRYWERS EN PRECEPT

KAY ARTHUR is wêreldbekend as internasionale Bybelleraar, skrywer, konferensiespreker en gasheer van die nasionale radio- en televisieprogramme Precepts for Life, met 'n wêreldwye gehoor van meer as 4 miljoen luisteraars. Sy het reeds vier keer die Gold Medallion Award as skrywer gewen en is die outeur van meer as 100 boeke en Bybelstudies. Die Tennessee Temple University het 'n eredoktorsgraad aan haar toegeken.

Kay en haar eggenoot, Jack, stigter van Precept Ministries International in 1970 te Chattanooga, Tennesee, se visie is om mense te vestig in God se Woord. Vandag het die bediening wêreldwyd uitgebrei. Tesame met induktiewe Bybelstudie-werkswinkels en duisende kleingroep-Bybelstudiegroepe regoor Amerika, reik PMI uit na 185 lande met induktiewe Bybelstudies, wat reeds in meer as 70 tale vertaal is. Die bediening leer mense om effektiewe dissipels te wees en om waarheid self te ontdek.

B.J. LAWSON EN HAAR MAN, DAVID, dien reeds twintig jaar op die personeel van Precept Ministries International. David het, na 9 jaar in pastorale bediening, saam met BJ by die personeel van Precept Ministries International aangesluit as direkteure van die studente-bediening, terwyl hulle ook as leraars en opleiers opgetree het. BJ is steeds verantwoordelik vir onderrig, opleiding en skryf 40 Minute-Bybelstudies. Sy is ook die hoofredaktrise en -ontwikkelaar van die reeks.

Kontak Precept South Africa vir meer inligting omtrent induktiewe Bybelstudie-groepe in jou omgewing.

**Precept South Africa**
Ringwoodrylaan 187,
Pinelands, 7405,
Suid-Afrika
support@precept.org.za
www.precept.org.za

instagram.com/precept.sa/

facebook.com/precept.sa/